DIE WATERKRUIK

GEREFORMEERDE KERK WATERKLOOFRAND

JAARGANG 49 NO 1 8 JANUARIE 2012

NUWEJAARSWENSE

Aan die begin van 2012 wil die Redaksie van die Waterkruik graag vir u almal 'n voorspoedige en geseënde nuwe jaar toewens.
Ons verwys u graag na die tema van laas Sondagoggend se preek waar ons in terme van Spreuke 20 vs 4 opgeroep word om in 2012 aandag te gee aan ons "ploegwerk". Dit kan ons doen deur:

* daarmee erns te maak dat ons voor die Here leef,
* te begryp dat die Here hierdie jaar aan ons geleentheid gee om te ploeg en
* seker te maak dat ons nie half "ploeg" nie.

EREDIENS VANDAG

Die oggend- en aanddienste word gelei deur ds Hans Grobler van Louis Trichardt.
Ds Grobler, u is hartlik welkom !
Die tema vir vanoggend se diens is
"Die naam wat God aan sy Seun gee en die naam waarmee die mense Hom noem".
Die skrifgedeelte is Lukas 1 vs 26 tot 38 en die teksverse is Lukas 1 vs 31 en 32.

Die tema vir vanaand se diens is *"Jesus Christus is die son van redding in wie se lig ons verder mag lewe"*
Die skrifgedeelte is Lukas 1 vs 67 tot 80 en die teksverse is verse 76 tot 79

DIENSBEURT

Vandag: *Wyke 7 & 8*
Oudle.: Wihan Oosthuizen
Emil Kushke
Diaken: Eddie Engelbrecht

Volgende Sondag: *Wyke 9 & 10*
Oudle.: Werdie van Staden
Tjaart van der Walt

Diaken: Hendrik Coetzee

KOLLEKTE
Vandag: Teologiese Studentekas
Volgende Sondag:
Emeritaatsversorging

KATKISASIE
Die katkisasie begin op Sondag
22 Januarie na die oggenderediens.

VERJAARSDAE
Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou. Mag julle elke dag God se genade en liefde ervaar.
"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word."
Judas: 2

Vandag
Sr. Annelien Breed 082 849 0456
Sr. Hildegard Delport 082 881 2741

Dinsdag
Sr. Inka Wepener 083 475 5050
Br. Piet van Wyk 079 305 4430
Br. Gerhard Simpson 082 829 2766

Woensdag
Sr. Martie Coetzee 012 460 4349

Donderdag
Br. Douw Breed Jnr. 082 849 0456
Sr. Kobie Erasmus 012 347-8104

Vrydag 13 Januarie
Sr. Janita Breed 082 559 2006
Sr. Judy Hammann 082 687 3013

Saterdag 14 Januarie
Elzaan de Beer 082 600 3709

MEELEWING

Die Redaksie het verneem van groot vreugde in die huise van 'n klompie van ons lidmate.Die volgende kinders van ons Gemeente (wat laasjaar belydenis afgelê het) was suksesvol in hulle matriekeksamens:
* Cara Nel
* Daniël du Plessis
* Wernd van Staden
* CD Steyn
* Schalk-Willem Erasmus en
* Kristian Hamersma.

Daar is ook vreugde by die volgende grootouers oor hulle kleinkinders se sukses : oudl Jac en sr Thea van der Walt se kleinkind Thealize en Prof Bouke en sr Chris Spoelstra se kleinkind Christel.

JAARPROGRAM VIR 2012

U word herinner aan ons Gemeente se kalender waarvan daar kopieë beskikbaar is in van die vakkies by die deure. Graag gee ons hieronder 'n aanduiding van die belangrikste gebeure in die volgende twee maande.

22 Jan.- Katkisasie begin.
25 Jan.- Breë Kerkraadsvergadering
26 Jan.- Bybelstudiegroepe begin.
11 Feb.- Afskopfunksie (Bybelstap)
19 Feb.- Voorbereidingsdiens
21 Feb.- Sustersbyeenkoms
22 Feb.- Diakens- en ouderlinge vergaderings
26 Feb.- Nagmaal en Nabetragting

SINODE 2012

Die Algemene Sinode het die afgelope Woensdag met sy sittings begin. Ouderling Jan du Preez en Dr Douw is namens ons Streeksinode afgevaardig.
Ons het intussen verneem dat die moderamen soos volg saamgestel is:
Voorsitter - Ds Danie Snyman
Onder Voorsitter - Dr Douw
Skriba - Ds Hendrik de Beer
Adjunk Skribas – Ds Leo van Schaik en Ds Abel Modise.

U kan uself op hoogte bring met die inhoud van verslae, beswaarskrifte, ens. deur middel van die internet by www.gksa.org.za Nuus oor die belangrikste gebeure kan u kry deur middel van 'n skakel op die webwerf waarop u aansoek kan doen om deel te wees van die "poslys".

ALLERLEI

Ons bring graag vir u die volgende waarhede wat tot u mag spreek aan die begin van ‘n nuwe jaar.

1. Die beste manier om iemand “terug te kry” is om te vergewe.

2. Voed jou geloof en jou twyfel sal sterf van die honger.

3. Tensy jy die hele skepping kan skep in 5 dae, is dit miskien nie so ‘n goeie idee om vir God voor te skryf nie.

4. Suksesvolle huwelike is nie om die regte persoon te vind nie maar om die regte persoon te wees.

5. As die gras groener is aan die ander kant van die draad, kan jy verseker wees die waterrekening is ook hoër.

6. Woede is ‘n toestand waar die tong vinniger werk as die verstand.

7. Jy kan nie die verlede verander nie maar jy kan die huidige ruïneer deur te bekommer oor die toekoms.

8. God gee altyd Sy beste aan hulle wat die keuse aan Hom oorlaat.

9. Alle mense glimlag in dieselfde taal.

10. ‘n Drukkie is ‘n groot geskenk ! “ One size fits all”!

11. Almal verdien om bemin te word …..veral hulle wat dit nie verdien nie.

12. Die werklike maatstaf vir ‘n man se rykdom is wat hy belê in die lewe hierna.